Lêer verw/ Navrae/Enquiries:
File ref: 15/3//6-1/Erf_240 Mnr AJ Burger

23 Oktober 2015

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Meneer/ Dame

VERLENGING VAN GOEDKEURING: VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 240, ABBOTSDALE

U skrywe ontvang op 7 Oktober 2015 rakende die onderwerp het betrekking.

Hiermee word die aansoek vir die verlenging van die goedkeuringstydperk rakende die onderverdeling van erf 240, Abbotsdale, ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordenning rakende munisipale grondgebruiksbeplanning (PG7425 van 10 Julie 2015), goedgekeur.

Let asb daarop dat die voorwaardes soos oorspronklik opgelê, verleng word vir ‘n tydperk van 5 jaar (23 September 2020) en ondervanderd bly, met die uitsondering van voorwaarde 6 Kapitale bydrae wat soos volg wysig:

6. KAPITALE BYDRAES

(a) dat die eienaar / ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R7 557,06 (R10 795,80 x faktor 0.7 vir med digtheid). Hierdie kapitale bydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R 2 200,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(e) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar ‘n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015 / 2016 en kan daarna hersien word;

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement: Ontwikkelingsdienste

AJB/ds